# Straalvormige patrone







# Hallo liewe graad 6'e!

Ek hoop dat grendeltyd elkeen van julle goed behandel en dat julle lekker kreatief is in hierdie tyd!

In kwartaal 2 gesels ons oor straalvormige patrone.

Wat dink jy is 'n straalvormige patroon?



Lees die inligting op die volgende skyfie deur.

Dit is die inligting op p.82 in jou handboek.

Ons sal ‘n praktiese les oor straalvormige patrone in die klas doen wanneer ons mekaar weer sien.

# Eenheid 20 Kreatiewe letterwerk en straalvormige patroonwerk in 2D

**Sleutelwoorde**

**straalvormig:** sirkelvormig straalvormige balans: 'n straalvormige patroon wat uitsprei vanaf 'n sentrale punt

**gebrandskilderde glas:** gekleurde glas wat in plek gehou word deur dun lood buitelyne

**Goties:** 'n styl wat tydens die Middeleeue in Europese argitektuur ontwikkel het

**katedraal:** die amptelike kerk van 'n biskop

lood: 'n swaar, blougrys metaal wat maklik smelt

## Ondersoek verskeie kunsmedia en -tegnieke

In die eerste kwartaal het jy geleer van simmetriese en asimmetriese balans. Die derde tipe is **straalvormige balans**. 'n Straalvormige patroon sprei vanaf 'n sentrale punt uit, soos die strale van die son. Jy kan sien dat die blare van 'n madeliefie, die patrone op 'n seester en die pitte van 'n mielie strale vanuit 'n sentrale punt vorm. Die ronde **gebrandskilderde glas**vensters in **Gotiese katedrale** herinner 'n mens aan 'n roos in volle blom. Die patrone vorm strale vanuit 'n sentrale punt.



*Spiraal- of straalvormige patrone kom oral in die natuur voor.*




*Die patrone in hierdie pragtige gebrandskilderde loodglasroosvenster vorm strale vanuit 'n sentrale punt.*

**Notas**

Pottebakkers en wewers gebruik straalvormige ontwerpe om bakke en mandjies mee te versier. Argitekte gebruik teëls met straalvormige ontwerpe om geboue mee te versier. Straalvormige ontwerpe kom oral voor. Kyk hoeveel natuurlike of mensgemaakte straalvormige ontwerpe jy in die hande kan kry.

Die Notre Dame is ‘n bekende katedraal (kerk) in Parys, Frankryk.

Jy sal die gebou miskien onthou as die een wat in 2019 gebrand het en orals in die nuus opspraak gemaak het.






Die bou van die Notre Dame het in 1163 begin en dit is eers in 1345 voltooi!

Dit het 182 jaar geneem vir mense om hierdie pragtige katedraal te bou wat tot vandag toe ‘n wêreldbekende struktuur is.

Jy wonder seker wat dit met kuns te doen het?

Kuns is orals om ons! Die Notre Dame is gevul met pragtige detail wat beslis as kuns gesien kan word.


Die pragtige gebrandskilderde glasvensters is een van die vele kenmerke wat hierdie katedraal ‘n absolute meesterstuk maak.

# Binne die Notre Dame







Hier is twee skakels waarna jy kan kyk indien dit vir jou moontlik is.

HIERDIE IS NIE VERPLIGTEND NIE, SLEGS VIR INTERESSANTHEID.

- Hierdie video wys hoe iemand hierdie vensters maak.

https://www.youtube.com/watch?v=ABBDgCNmPvk

- Hierdie is net ‘n oulike idee! Dit is nie ‘n opdrag nie.

https://www.youtube.com/watch?v=bGzj9Ue6e3M